# Roeikunde



"'n Mens wat weet hoe, sal altyd 'n werk hê, maar die mens wat weet waarom, sal altyd sy baas wees."
- John Maxwell

***Doelwit:*** *Om die kennis en vaardigheid te ontwikkel om 'n roeiboot te hanteer.*

***Weergawe:*** *2007.0*

***Datum:*** *Augustus 2007*

## Begronding:

***Voortrekkerkode:***

6. 'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.
8. 'n Voortrekker neem leiding.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.
10. 'n Voortrekker is diensvaardig.

***ABC:*** Verantwoordelikheid en leierskap gaan hand aan hand. Tydens die afhandeling van hierdie spesialisasie gaan die Verkenner sy leierskap met verantwoordelikheid moet uitleef in God se Skepping. Die spesialisasie spreek die B en C van Die Voortrekkers se ABC aan. Die Verkenner sal kennis opdoen in die identifisering van meeste basiese roeitoestande en praktyke. Die Verkenner sal ook in sulke situasies ander persone daaromtrent kan inlig en waarsku. Die Verkenner leer ook om ontsag te hê vir die kragte van God se natuur en om op God te vertrou in situasies waar hy as mens nie altyd in volle beheer is nie. Die kursus ontwikkel die Verkenner se leierseienskappe en leer hom ook om verantwoordelikheid vir ander se veiligheid te aanvaar.

## Aanbiedingsvereistes:

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Tydsduur:** | Minstens 2 dae | **Graadgroep:** | 8 - 12 |
| **Voorvereistes:** | Geen | | |
| **Aanbieding:** | Die aanbieding hoef nie aaneenlopend te wees nie. | | |
| **Toekennings instansie:** | Kommando, gebiedskamp | | |

## Uitkomste:

*Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner kennis dra van:*

1. *Die vernaamste soorte roeibote en kano's.*
2. *Die onderdele van roeibote en kano's.*
3. *Die versorging van roeibote en kano's.*
4. *Die beman van 'n boot.*
5. *Die gedrag in 'n boot.*
6. *Die vasmeer van 'n boot.*
7. *Die roeibevele.*
8. *Die metodes van roei.*
9. *Die vaarreëls.*
10. *Waterterme.*
11. *Die hantering van roeibote, kano's en vlotte.*

*Die Verkenner moet ook:*

12. *behulpsaam wees met die bou van 'n vlot*

    ***of***

    *met die bou van 'n glasvesel-kano met voorafgemaakte vorms*

    ***of***

    *met die instandhouding van kano's en toebehore.*

13. *Lewensredding met bote kan uitvoer.*

14. *Met 'n boot of kano aan nagroei oor 'n afstand van ongeveer **2** km **of** aan 'n vlotvaart deelneem.*